

Hoofstuk van die dag: Nahum 2

> *Waar is die lêplek van die leeus nou, die jagveld van die jong leeus? (vers 11)*

Die konings van Assirië het hulleself graag met leeus geassosieer. Die reliëfbeelde op die mure van Nineve het talle leeus bevat, want hulle het geglo hulle is soos die koning van die diereryk: magtig en onoorwinlik. Maar wanneer God ingryp,

bewe die Assiriërs van angs en almal vlug voor sy aanslag (vers 8).
Só seker is Nahum van Assirië se val dat hy selfs ’n spotlied dig oor hulle ondergang (vers 11-13), al is Nineve nog nie verwoes nie.
Die sterkste mag op aarde vertoon maar paniekerig en pateties wanneer dit in verband gebring word met God se mag. Wie net vaskyk in aardse magte, kan maklik onder die indruk van hulle geweldige sterkte kom. Dit is omdat ons God uit die oog verloor. Die geweldige krag van aardse magte lyk anders wanneer ons – soos Nahum – eers fokus op God en dan na die magte om ons kyk.
In Jes 41:10 stel die Here dit só: “Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026